

Titel: Wat weef man en vrou aanmekaar?
Pastoor: Jan Bosch
Datum: 22 Mei 2011
Tyd: 09h30



1. Soek eers die koninkryk van God

Matt 6:31-33

³¹ Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie? ³² Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het. ³³ Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.

2. Wat beteken: Soek die koninkryk van God?

Luk 11:2

En Hy sê vir hulle: Wanneer julle bid, sê: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;

3. Die eerste werke

Open 2:4-5

⁴ Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het. ⁵ Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie.

4. Wat stel God eerste?

Gen 1:26-28

²⁶ En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip. ²⁷ En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape. ²⁸ En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip.

5. Ons eerste opdrag

- **Ons het ons ontstaan uit God se liefde.**
- **Ons (as 'n span) moet Hom verteenwoordig hier op aarde in al sy karakter eienskappe.**
- **Ons moet saam met hom verder skep.**
- **Ons moet namens Hom heers.**

6. Die tweede opdrag wat eintlik nog deel is van die eerste

Gen 2:24

Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees.

- **As 'n span in volmaakte eenheid bereik ons ons doel en opdrag.**

Efes 5:22-33

²² Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig, soos aan die Here. ²³ Want die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook Hoof is van die gemeente; en Hy is die Verlosser van die liggaam. ²⁴ Maar soos die gemeente aan Christus onderdanig is, so moet die vrou dit ook in alles aan hul eie mans wees. ²⁵ Manne, julle moet jul eie vrou liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het ²⁶ om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord, ²⁷ sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees ²⁸ So behoort die mans hulle eie vroue lief te hê soos hul eie liggame. Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief; ²⁹ want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy voed en koester dit, net soos die Here die gemeente. ³⁰ Want ons is lede van sy liggaam, van sy vlees en van sy bene. ³¹ Daarom moet die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef en hulle twee sal een vlees word. ³² Hierdie verborgenheid is groot, maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeente. ³³ In alle geval moet elkeen van julle ook afsonderlik sy eie vrou liefhê net soos homself, en die vrou moet die man eerbiedig.

7. Ons plig (in geloof)

- 'n Sosiale verpligting
- 'n Een word
- Fisiese gemeenskap

In daardie volgorde